

Josef, die onderkoning van Egipte



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 41:37-46, 1 Konings 3:12, Genesis 42, Romeine 5:7-11, Genesis 43, asook hfst. 44 en 45.

Geheeteks: “Die farao het verder nog vir Josef gesê: ‘Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipte’” (*Genesis 41:41, NAB*).

Josef is nou die onderkoning van Egipte, en sy eie broers gaan voor hom buig sonder om te weet wie hy is (*Genesis 42*). Sy broers gaan ook vreeslik gediensdig wees wanneer Josef hulle dwing om Benjamin te gaan haal (*Genesis 43*). Wanneer Benjamin se lewe, volgens hulle, bedreig word (*Genesis 44*), sal hulle boonop by hierdie groot maghebber – wat hulle as “die heer van die land” beskou – ter wille van hul broer om genade pleit. Wanneer Josef uiteindelik sy identiteit bekend maak, sal hulle begryp dat die Here alles ten goede laat meewerk; ten spyte van die misdaad wat hulle jare gelede gepleeg het.

Interessant genoeg, gaan hierdie reeks opeenvolgende gebeure, wat eintlik ’n viering van Josef se suksesse behoort te wees, meer oor sy broers se bekering. Die oor-en-weer gereis tussen Josef in Egipte en hul ouerhuis, en die struikelblokke wat hulle gevolglik teëkom, laat dink hulle aan die euwels wat hulle Josef en hul pa aangedoen het, en bring hulle tot die besef dat hulle ook teen God gesondig het. Met hierdie dinge wat Josef se broers deurmaak, beleef hulle persoonlik die oordele van God. Tog is daar ’n belangrike boodskap in die ontroerende einde van hierdie verhaal, die slottoneel waarin almal tot trane en feesviering gebring word: vergifnis is moontlik ten spyte van die onregverdigbare wandade waaraan Josef se broers hulle skuldig gemaak het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 18 Junie.*

Josef word verhoog

Vir Josef was Farao se drome openbarend, ’n voorteken van “wat God van plan is om te doen” (*Gen. 41:28, NAB*) in Egipte. Tog vra Josef nie dat Farao in sy God moet glo nie. Intendeel, sy onmiddellike reaksie is om oor te gaan tot aksie. Josef kom met ’n ekonomiese program vorendag. Interessant genoeg reageer die farao net op die ekonomiese deel van Josef se uitleg en raad. Farao stel klaarblyklik net belang in die ekonomiese les wat uit sy drome te put is, en nie in die geestelike betekenis daarvan of wat God se rol in die ontvouende profesie is nie.

Lees Genesis 41:37-57. Watter rol het God in Josef se sukses gespeel?

Farao kies Josef om leiding te neem, nie soseer omdat hy sy drome reg uitgelê en die land se komende krisis aan die lig gebring het nie, maar omdat Josef ’n oplossing gehad het – sy plan was “goed in die oë van Farao en van al sy dienaars” (*Gen. 41:37, OAB*). Die aanstel van Josef was dus ’n pragmatiese besluit en nie eintlik ’n geestelike een nie. Tog merk Farao dat “die Gees van God” (*Gen. 41:38*) in Josef werksaam is, en dat hy as “verstandig en wys” (*Gen. 41:39*) bestempel kan word. Laasgenoemde is ’n uitdrukking wat tekenend van die soort insig is wat God gee (*lees Gen. 41:33, vgl. 1 Kon. 3:12*).

Al die besonderhede wat hier in die Bybel aangegee word strook met die beskikbare historiese inligting aangaande antieke Egipte. Die feit dat Josef die onderkoning gemaak is, was moontlik in die politieke stelsel van die destydse Egipte. Sulke aanstellings van buitelandse onderkonings word deur historiese bronne bevestig.

Die daaropvolgende sewe jaar is jare van oorvloed, in so ’n mate dat die gebergde graan “ontelbaar” was (*Gen. 41:49, OAB*) – ’n teken van Goddelike ingryping, van die Voorsienigheid. Die vergelyking, “soos die sand van die see” (*Gen. 41:49, OAB*), toon dat dit ’n seëning is wat van die Here gekom het (*Gen. 22:17*). Josef weerspieël ook daardie Godgegewe oorvloedigheid op tuisfront, deur vrugbaar te wees en kinders voort te bring, ’n saamvalling wat bewys dat beide verskynsels die toedoen van dieselfde God is. Josef het twee seuns wie se name toon dat hy God se voorsienigheid persoonlik beleef het, een wat sê dat pynlike herinneringe in vreugde verander is (Manasse), en ’n ander wat sê dat die lyding van vroeër in vrugbaarheid omskep is (Efraim). Wat ’n wonderlike voorbeeld van hoe die Here terugslag in triomf verander!

Op watter opsigtelike wyse kan ons lewens daarvan getuig dat die God wat ons aanbid ’n werklikheid is?

Josef konfronteer sy broers

Lees Genesis 42. Wat gebeur hier? Hoe toon dit die voorsienigheid van God, selfs te midde van die boosheid en misdrywe van die mens?

Die hongersnood dwing Jakob om sy seuns Egipte toe te stuur om daar graan te gaan koop. Ironies genoeg is dit Jakob wat dié projek op tou sit (*Gen. 42:1*). So sit dié arme man – ’n slagoffer van omstandighede wat buite sy beheer is – onwetend ’n reeks gebeure aan die gang wat tot die hereniging met die seun, oor wie hy so lank getreur het, sal lei.

Dat hierdie ontmoeting ’n bestiering is, word deur twee fundamentele tipes optrede beklemtoon. Eerstens, is dit ’n vervulling van Josef se drome. Dié gebeurtenis – wat in Josef se profetiese droom bevestig word: “terwyl julle gerwe daar rondom kom en hulle voor my gerf neerbuig” (*Gen. 37:7, OAB*) – is presies wat nou gebeur. Josef word as die “maghebber oor die land” (*Gen. 42:6*) en “die heer van die land” geïdentifiseer (*Gen. 42:30, 33*). Josef staan in skrilke kontras teenoor sy broers – hy het al die mag en hulle is magtelos omdat hulle die behoeftige party is – en daarom het sy broers “diep voor hom gebuig” (*Gen. 42:6, NAB*). Dit is dieselfde tien broers wat Josef oor dié droom gespot het en nie geglo het dat dit ooit sal gebeur nie (*Gen. 37:8*).

Tweedens word hierdie ontmoeting wat deur die Here se voorsienigheid beskik is, ook as ’n teenreaksie op ’n vorige aksie beskryf. Party van die woorde wat gebruik en temas wat aangeroer word, is byna spieëlbeelde van mekaar; en onderstreep die feit dat hierdie ontmoeting ’n soort boontjie-kry-sy-loontjie situasie is. Die sinsnede, “Toe sê hulle vir mekaar” (*Gen. 42:21, OAB*), is ook gebruik toe hulle destyds teen Josef saamgesweer het (*Gen. 37:19*). Sy broers se aanhouding in Egipte (*Gen. 42:17*) is ’n spieëlbeeld van Josef se eie tronkstraf (*Gen. 40:3, 4*). Om die waarheid te sê, sy broers dink terug aan die dinge wat hulle Josef sowat twintig jaar gelede aangedoen het, en skryf hul teenswoordige dilemma daaraan toe: “Die broers het toe onder mekaar gepraat: ‘Dit het alles gebeur oor wat ons lank gelede aan Josef gedoen het. Ons het sy ang en benoudheid gesien en gehoor hoe hy gesmeek het, maar ons het ons doof gehou. Dis hoekom hierdie moeilikheid nou oor ons kom’” (*Gen. 42:21, NLV*).

Ruben se woorde, “en daarom word sy dood nou op ons gewreek” (*Gen. 42:22, NAB*), is inderdaad ’n herhaling van sy waarskuwing destyds: “om nie die seun seer te maak nie” (*Gen. 37:22, DB*); en verleen krag aan die argument dat daar ’n verband tussen hul huidige dilemma en wat hulle voorheen gedoen het, is.

Het jy al iets gedoen waaroor jy later spyt was? Die meeste van ons het al. Hoe kan ’n mens, in welke mate dit moontlik is, vir daardie verkeerd probeer vergoed? Wat meer is, waarom is die aanvaarding van God se beloofde vergifnis deur Jesus Christus so lewensbelangrik vir die gelowige? (Lees Rom. 5:7-11.)

Josef en Benjamin

Vir Jakob was dit sekerlik uiters moeilik om Benjamin te laat gaan, Ragel se enigste oorlewende seun syns insiens. Hy was bang om hom te verloor, siende dat hy Josef jare gelede aan die dood moes afstaan (*Gen. 43:6-8*). Eers toe al die kos op was (*Gen. 43:2*) en toe Juda met 'n eed belowe het om Benjamin terug te bring (*Gen. 43:9*), stem Jakob uiteindelik in vir 'n tweede besoek aan Egipte; en dat Benjamin kan saamgaan.

Lees Genesis 43. Watter uitwerking het Benjamin se teenwoordigheid op die verloop van sake gehad?

In die Ou Testament is die skud of bewe van die aarde 'n algemene beeldspraak van Benjamin se teenwoordigheid het 'n oorheersende invloed op die gebeure. Wanneer al die broers voor Josef staan is al Josef se aandag op Benjamin gevestig (*Gen. 43:16*). Benjamin is die enigste wat hy "broer" noem (*Gen. 43:29, OAB*). Hoewel Benjamin by die naam genoem word bly die ander broers naamloos. Hulle word bloot "die manne" genoem (*Gen. 43:16, NAB/OAB*).

Josef noem Benjamin "my seun," om hom gerust te stel en as 'n toegeneentheidsgebaar (*Gen. 43:29, vgl. Gen. 22:8*). In Josef se seënwense gebruik hy die woord "genadig" (*Gen. 43:29*). Dit herinner aan die keer toe hy destyds sy broers om genade gesmeek het, 'n genade wat hom nooit betoon is nie (*Gen. 42:21*). Josef betoon egter die soort genade aan Benjamin wat hy nie by sy ander broers ontvang het nie.

Sy broers is bang dat hulle in die tronk gestop gaan word as gevolg van die geld wat hulle in hul sakke ontdek het. Josef berei egter 'n feesmaal vir sy gaste voor omdat Benjamin by hulle is. Dit was asof Benjamin 'n reddende invloed op die hele situasie gehad het. Toe al die broers aansit, in ooreenstemming met hul ouderdomme en die reëls van eerbetoning, is dit die jongste, Benjamin, wat vyf keer meer kos as sy broers ontvang (*Gen. 43:33, 34*). Tog pla hierdie voortrekkery hulle nie juis nie. Dit was immers so toe Josef jare tevore sy pa se witbroodjie was, 'n toedrag van sake wat uiteindelik tot die gruweldade teenoor hul halfbroer en hul pa aanleiding gelei het (*Gen. 37:3, 4*).

"Met hierdie voortrek van Benjamin aan tafel wou hy vasstel of die [huidige] jongste met dieselfde jaloosie en haat bejeën word as dié waarmee hy destyds bejeën is. Die broers het weereens aangeneem dat Josef nie hulle taal kon verstaan nie, derhalwe praat hulle vrylik met mekaar. Op dié manier kon hulle dus nie hul gevoelens vir Josef wegsteek nie. Nietemin wou hy hulle verder toets. Voor hulle vertrek beveel Josef toe dat sy silwer drinkbeker in die jongste se sak versteek moet word" -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 228, 229.

Josef se silwer drinkbeker

Lees Genesis 44. Waarom het Josef sy silwer drinkbeker in Benjamin se sak laat versteek, en nie in een van die ander se sakke nie?

Hierdie verhaal toon bepaalde ooreenkomste met die vorige. Soos tevore, gee Josef bepaalde instruksies aan sy ondergeskiktes; byvoorbeeld, dat hulle weereens kos in die Hebreërs se sakke moet versteek. 'n Verdere instruksie volg egter, met potensieel ernstige gevolge: sit my silwer drinkbeker in Benjamin se sak.

Dit stuur die verhaal in 'n ander rigting. Die vorige heen-en-weer reis was om Benjamin in Kanaän te gaan haal, terwyl hulle dié keer omdraai en van aangesig tot aangesig met Josef kom. Die vorige keer het die broers almal dieselfde items in hul sakke ontdek, maar nou is Benjamin die groot sondebok aangesien hy Josef se drinkbeker in sy sak het. Die hele gedoente vang hulle onkant. Benjamin, wat die eregas by die vorige dag se feesmaal was en dus toegang tot Josef se drinkbeker gehad het, is nou die hoofverdagte; met die gevolg dat hy van die diefstal van daardie kosbare item beskuldig word – 'n misdaad wat hom in die tronk sal laat beland.

Sommige van die Engelse vertalings verwys na die drinkbeker as 'n "divination cup" wat moontlik as 'n waarsê-beker of selfs 'n towerbeker vertaal kan word, [hoewel dit nêrens in die Afrikaans so vertaal word nie; met die OAB, NAB, NLV, ABA en DB wat van 'n drinkbeker praat]. Indien dit wel een was, beteken dit nie dat Josef dit as een gebruik het nie. Let op Ellen G. White se kommentaar in dié verband: Josef "het nooit voorgegee om Egiptiese waarsêery te beoefen nie, maar was wel bereid om hulle te laat glo dat hy hul geheime geken het" (*Patriarchs and Prophets*, bl. 229).

Die drinkbeker – wat dalk 'n Egiptiese towerbeker was – was vir Josef slegs 'n middel tot 'n doel, om sy broers verder as die menslike te laat kyk, en om sodoende 'n skuldgevoel voor God by sy broers aan te wakker. Dit is inderdaad hoe Juda ook dan op Josef se indirekte boodskap reageer, want hy noem dat God hulle as skuldig bewys het (*Gen. 44:16*). Wat meer is, die steel van die kosbare beker het 'n sware straf beteken, wat die ware motiverings en dryfvere van Josef se broers aan die lig sou bring.

Die broers se geweldige reaksie, hul verslaentheid, spreek boekdele. Hulle deel almal in die pyn wat hierdie nuus bring, en vrees vir Benjamin se lot. Gaan hulle hom ook verloor, net soos dit die geval met Josef was? Gaan hy 'n slaaf in Egipte word; en dit terwyl hy, net soos Josef, ook onskuldig was? Dit is waarom Juda voorstel dat hy liever as slaaf "in die plek" van Benjamin geneem word (*Gen. 44:33, OAB*), net soos die ram wat "in die plek" van Isak geoffer is (*vgl. Gen. 22:13, OAB*). Juda bied dus homself as offer, as 'n plaasvervanger aan; 'n afweermiddel vir "die ellende" wat gewis sy pa se einde sou beteken het (*Gen. 44:34*).

Op watter liefdesbeginsel, waarvan Juda hier die toonbeeld is, dui die idee van 'n plaasvervanger? Hoe verklaar dié soort liefde die Bybelse verlossingsleer? (Lees Rom. 5:8).

“Ek is julle broer Josef”

Lees Genesis 45. Watter lesse oor liefde, geloof en hoop is in hierdie verhaal opgesluit?

Dit is op daardie presiese oomblik – toe Juda van die “smart” wat sy ’avi (oftewel “my pa;” *Gen. 44:34*) te beurt gaan val praat – dat Josef “in trane uitbars” (*Gen. 45:2*) en sy ware identiteit aan sy broers bekend maak. Sommige Engelse vertaling gebruik hier die uitdrukking “made himself known” (“het hom aan hulle bekend gemaak”). Dit is ’n uitdrukking wat dikwels in die Bybel gebruik word om aan te dui dat God Hom aan ’n persoon of groep mense geopenbaar het (*Ex. 6:2, Eseg. 20:9, beide OAB*). Die gebruik op hierdie tydstip in die verhaal sê dus vir ons dat God Hom ook hier geopenbaar het. Anders gestel: die Here toon hier dat die mens met sy karaktergebreke wik, terwyl God in sy alwysheid beskik.

Josef se broers was heeltemal stomgeslaan. Dit noop hom om weer te sê: “Ek is julle broer Josef” (*Gen. 45:4, NAB*). Dit is eers toe Josef pertinent sê: “julle het my verkoop, en die mense wat my gekoop het, het my na Egipte gebring” (*Gen. 45:4, ABA*), dat hulle hom geglo het.

Toe sê Josef vir hulle: “Eintlik is dit God wat dit bewerk het. Hy het my vooruit gestuur” (*Gen. 45:5, NLV*). Hierdie verwysing na God het ’n tweekledige doel. Dit is nie net ’n gerusstelling dat Josef nie kwade gevoelens teenoor sy broers het nie. Nee, dit is ook ’n diepgaande geloofsbelydenis, die verwoording van ’n hoop; omdat die dinge wat hulle hom aangedoen het ter wille van ’n “groot verlossing” en die behoud van ’n “oorblyfsel” moes gebeur (*Gen. 45:7, beide OAB*).

Josef doen toe ’n beroep op sy broers om sy pa te gaan haal en na Egipte te bring. Hierdie versoek bevat bepaalde woorde aangaande die plek waar hulle “lekker kan lewe” – te wete Gosen – ’n plek wat vir sy welige weiding bekend was: “die beste van die hele Egipteland” (*Gen. 45:18, ABA; 20, OAB*). Josef behartig ook die vervoerreëlings: waens word beskikbaar gestel, wat ook uiteindelik Jakob oortuig dat sy seuns nie vir hom jok oor wat onlangs in Egipte gebeur het nie (*Gen. 45:27*). Jakob aanvaar hierdie sigbare demonstrasie as ’n konkrete bewys dat Josef wel leef, en dit is genoeg om die bejaarde man weer te laat blom (*vgl. Gen. 37:35, Gen. 44:29*).

Alles is nou weer reg. Al twaalf Jakob se seuns leef. Hy word nou weer “Israel” genoem (*Gen. 45:28*) en God se bestiering is op ’n kragtige wyse duidelik gemaak.

Josef was inderdaad sy broers genadig. Met die positiewe uiteinde was dit egter binne sy vermoë. Soms eindig die kwaad wat ander ’n mens aandoen, nie op ’n goeie noot nie, m.a.w. nie soos dit die geval met Josef-hulle was nie. Hoe leer ’n mens om, in sulke omstandighede, genade vir sulke persone aan te kweek?

Vir verdere studie: Ellen G. White, “Joseph in Egypt”, ble. 213-223; asook “Joseph and His Brothers”, ble. 224-232, beide in *Patriarchs and Prophets*.

“Die drie dae van aanhouding het Jakob se seuns diepe smart besorg. Hulle het oor al die foute van die verlede gesit en tob, veral hul wreedheid teenoor Josef. Wat nou duidelik is, is dat hulle van spioenasie beskuldig word – en dit met absoluut geen bewyse om hulle van blaam te suiwer nie. Hulle voorland is dus slawerny of die dood. Sy broers het getwyfel of enige pogings – ongeag wie dit sou aanwend – hul pa sover sou bring om Benjamin Egipte toe te laat kom. Jakob het immers geglo dat [sy eerste jongste], Josef, ’n wrede dood gesterf het. Hulle het Josef as ’n slaaf verkoop, en nou het hulle God se oordele gevrees: dat Hy sal toesien dat daar van hulle ook slawe gemaak gaan word. Josef besef egter dat sy pa en sy broers se gesinne dalk nie kos het om te eet nie; en is oortuig dat sy broers tot inkeer gekom het, dat hulle die verkeerdheid van die vreeslike onreg wat hulle hom aangedoen het, nou besef; en dat hulle nooit as te nimmer vir Benjamin aan dieselfde gruwels sal onderwerp as waaraan hulle hom onderwerp het nie” - Ellen G. White, *Spiritual Gifts*, deel 3, ble. 155, 156).

“Josef was tevrede met die uitslag. Hy het sy broers getoets en het die tekens van ware bekering by hulle bespeur” -Ellen G. White, *Spiritual Gifts*, deel 3, bl. 165.

Vrae vir bespreking:

- 1 Bespreek Donderdag se slotvraag. Dink jy Josef sou sy broers so genadig gewees het as sy lewe nie so ’n opswaai getoon het nie? Natuurlik kan ’n mens nie regtig uitsluitel in dié verband gee nie. Let op Josef se hele lewensverhaal. Gee dit die leser enigsins ’n aanduiding watter karakter hy gehad het, een wat sy genadige houding aan die einde kan verklaar?
- 2 In watter opsig is Josef ’n soort voorloper (of skadubeeld) van Christus en die dinge wat Hy deurgemaak het?
- 3 Josef het sy broers getoets. Op watter soortgelyke wyse toets die Here ons ook?
- 4 Hoewel baie jare verloop het, is daar ’n skuldbesef by Josef se broers oor wat hulle hom aangedoen het. Wat leer ons hieruit aangaande die kragtige uitwerking wat skuldgevoelens op ’n mens kan hê? Dit lei tot ’n verdere vraag: hoe leer ’n mens om jouself te vergewe, selfs al het die Here en ander mense jou reeds vergewe, en al verdien jy daardie vergifnis ook glad nie?